Orbea lugardii

‘n Ware skat in ons Namibiese plantelewe, wat al ‘n paar verskillende name gehad het; (hierdie is die nuutste een), is O*rbea lugardii*. As jy dit in sy blomtyd eenkeer in die veld raakgeloop het, sal jy dit nie meer vergeet nie. By ons groei dit op die verre kante van ‘n groot pan in donker grond met kalkgruis daarin onder swarthaakbome, dus in die koelte. Eenkeer het ek dit in volle sonlig gesien, maar die plant is nie meer daar nie, dalk uitgeskop deur vee of opgevreet…wie weet. Blomtyd is in vroeg somer, wanneer dit gereën het.

↙Hier kan ons sien, dat van die geel blompunte afgevreet is.Die stingels is vierkantig, dik vlesig met skerppunt-uitgroeisels. Daar is nie blare nie. Die plante vorm sywaartse risome, waaruit nuwe plante ontstaan. Die blomme ruik sleg, meer na aaklige mis as na aas.
In die reëntyd lyk die plante vet en groen, in die droë tyd krimp die stingels ietwat en word gryserig. Dan is hulle moeilik om raak te sien.

Hulle groei maklik van steggies. As jy een takkie by ‘n aanhegtingspunt van die plant afbreek, die “wond” laat droog word vir twee tot drie dae en dan in klam grond steek, sal dit maklik wortel skiet en groei. As jy te veel water gee, vrot die sukkulente stingel af en die plant vrek.

Inligtingsbronne:

The Apocynaceae of Namibia (P.V.Bruyns)

https://www.zimbabweflora.co.zw/speciesdata/species.php?species_id=146720

Teks en fotos: Anka Eichhoff November 2022